**education**

# Departement van Onderwys

# MPUMALANGA PROVINSIE

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## GRAAD 11

## JUNIE 2017

Punte:80
Tyd: 2 ure

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 180–200 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

### VRAAG 1

### 1.1 MY VERJAARSDAGPARTYTJIE

Jou verjaarsdag was hierdie jaar baie lekkerder as ander jare. Die verjaarsdag was die beste verjaarsdag ooit.
Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jou verjaarsdag.
Dink aan die volgende:




- Waarom was dit so lekker?
- Wat het jy op hierdie dag gedoen?
- Wie het die partytjie so spesiaal gemaak ?
- Watter geskenke het jy ontvang? [Uit: *bing*] **[40]**

### 1.2 'n SKOOLUITSTAPPIE NA DIE DIERETUIN

Jy en jou klasmaats was saam met julle onderwyser op uitstappie.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van
Van die uitstappie.

Dink aan die volgende:




[Uit: *bing*

- Wie is almal saam?
- Waarheen was julle?
- Wat het jy geleer op die dag?
- Sal jy ander leerders aanraai om ook te gaan? **[40]**

## 1.3 MY TOEKOMSTIGE BEROEP(WERK)

Jy weet presies wat jy volgende jaar gaan studeer en waar.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jy toekoms.

Dink aan die volgende:

- Watter beroep wil jy volg.?
- Wat behels die beroep?
- Waar gaan jy studeer?
- Hoekom het jy die beroep gekies?



[Uit bing] **[40]**

## 1.4 'n TALENTKOMPETISIE

Jy het deelgeneem aan 'n talentkompetisie en gewen.

Skryf 'n opstel oor die kompetisie waaraan jy deelgeneem het en gewen het.

Dink aan die volgende:

- Watter kompetisie is dit?
- Hoekom het jy deelgeneem?
- Watter pryse het jy gewen?
- Hoe het jy gevoel jy gewen het?



[Uit:bing] **[40]**


1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel ’n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit: *bing*] **[40]**

1.5.2




[Uit: bing]

ef


**[40]**

1.5.3



[Uit: bing]

1.5.4.



[Uit: bing]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

**VRAAG 2**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**



[Uit bing]

Jou ouers doen baie om seker te maak dat jy goed kan doen in die skool om jou drome waar te maak. Skryf 'n brief aan jou ouers om hulle te bedank.

Dink aan die volgende:

- Wat doen hulle alles vir jou?
- Wat doen jy om goed te doen in die skool?
- Wat wil jy eendag word?
- Watter goeie raad gee hulle jou ?

**[20]**

2.2 **TOESPRAAK**



Jy moet toespraak lewer by die matriekafskeid. Skryf 'n toespraak vir die aand waarin jy die matrieks voorspoed toewens maar ook almal bedank wat hulle gehelp het tot in matriek.

Dink aan die volgende:

- Hoe kan jy die matrieks motiveer vir die eindeksamen?
- Wens hulle sukses toe vir die eksamen en volgende jaar?
- Hoe kan jy die onderwysers bedank?
- Watter rol het julle ouers gespeel?

[Uit: *bing*] **[20]**

## 2.3 DIALOOG

Jou pa het vir jou ’n nuwe selfoon gekoop. Jy het dit nie verwag nie, maar is baie bly oor selfoon.
Skryf die gesprek tussen jou en jou pa neer.

Begin die gesprek só:

Pa: Ek het vir jou ’n geskenk gekoop.
Ek: Wat het Pa vir my gekoop?

**LET WEL:** Laat ’n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**



[Uit: bing]

## 2.4 VERSLAG

Die badkamers van julle skool is in ’n baie slegte toestand.
Jy besluit om ’n verslag namens die leerders daaroor te skryf aan die beheerraad om te vra dat hulle iets daaraan doen.

Dink aan die volgende:

- Hoe lyk die badkamers?
- Hoe kan die beheerraad help?
- Wat dink jy moet gedoen word?
- Hoeveel gaan dit kos?

**[20]**



**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE

Skryf 50–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

### VRAAG 3

3.1 **INSTRUKSIES**

Jy doen baie goed in Afrikaans. Jou klasmaats vra jou om 10 reëls neer te skryf wat jy vir hulle kan gee om ook so goed op skool te doen

Dink aan die volgende:

- Wat doen jy in die klas?
- Hoe leer jy Afrikaans?
- Watter raad het jy vir ander?
- Hoe oefen jy om die taal te praat?

**[20]**



[Uit:bing]

3.2 **ADVERTENSIE**

Jy het 'n fiets wat jy wil verkoop. Maak 'n advertensie waarin jy die donkie adverteer.

Dink aan die volgende:

- Wat verkoop jy?
- Wat is die prys?
- Wat is die kondisie van die donkie?
- Wie en waar kan jy gekontak word?



[Uit:bing]

**[20]**


## 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Jou vriend wil by jou kom studeer maar weet nie waar jou huis is nie. Verduidelik vir jou vriend hoe om van die skool af na jou huis toe te stap.

Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die aanwysings puntsgewys neer.

Begin só:

1. *Ry in Mossiestraat tot by ...*
2. ...
3. …




**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**